ARGEOLOGIE EN DIE WÊRELD VAN DIE BYBEL

(Geskiedenis – só naby, jy kan daaraan raak)

AKTIWITEIT 1: KENNIS MAAK EN BEPALING VAN VORIGE KENNIS

SPESIFIEKE DOELWIT

Om die kursusgangers bekend te stel aan mekaar en om vas te stel wie reeds beskik oor kennis of ervaring van argeologie en/of die Bybelse wêreld.

STANDAARDE

(a) Dat die kursusganger kennis maak met al die ander kursusgangers en hom/haarself bekend stel aan hulle.
(b) Dat die kursusgangers sal vertel watter kennis of ervaring hulle reeds van argeologie of die Bybelse wêreld het.
(c) Dat die kursusgangers mekaar sal vertel watter verwagting hulle van die kursus koester.

AKTIWITEIT 2: WAT KAN ONS WEET? (OOR ARGEOLOGIESE KENNIS)

SPESIFIEKE DOELWIT

Om die kursusgangers bekend te stel aan die aard van argeologiese kennis.

STANDAARDE

(a) Dat die kursusganger sal verstaan waarom opgrawings belangrik is as 'n bron van inligting oor die geskiedenis.
(b) Dat die kursusganger sal kennis neem van die aard van opgrawingstegnieke en opgrawingsterreine.
(c) Dat die kursusganger sal verstaan wat 'n "tell" (of ruïneheuwel) is en hoe die opgrawing gedoen word.
(d) Dat die kursusganger sal kennis neem van enkele bekende tels in die Bybelse wêreld.
(e) Dat die kursusganger bekendgestel word aan argeologiese vondste en hoe hulle uit die grond uit kom.

AKTIWITEIT 3: DENKBEELDE OOR GOD IN DIE BYBELSE WÊRELD (ARGEOLOGIE EN GODSDIENSGESKIEDENIS: KAN JY IDEES OPGRAWE?)

SPESIFIEKE DOELWIT

Om die kursusgangers bekend te stel aan argeologiese vondste wat die godsdiens van ou Israel belig.

STANDAARDE

(a) Dat die kursusganger sal kennis neem van die godsdienste van Israel, Juda en hulle bure deur die eeue.
(b) Dat die kursusganger sal kennis neem van die veelvuldige denkbeelde oor God in die Bybel.

(c) Dat die kursusganger sal nadink oor wat 'n mens argeologies oor godsdiens kan vind.
(d) Dat die kursusganger sal kennis neem van die ikonografiese vensters op die antieke wêreld van idees, in die vorm van figuurtjies uit klei en metaal, amulette, prente, beelde en seëls.
(e) Dat die kursusganger sal nadink oor die betekenis van spesifieke vondste soos dié by Kuntillet Ajrud, met 'n teks wat lui: "geseënd is jy deur *jhwh šmron w 'šrth*".

AKTIWITEIT 4: ANDER TEKSTE UIT DIE BYBELSE WÊRELD

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusgangers bekend te stel aan die wêreld van tekste in die Bybelse wêreld.

STANDAARDE
(a) Dat die kursusganger die Bybel sal leer ken as 'n biblioteek met 'n lang wordingsgeskiedenis.
(b) Dat die kursusganger sal kennis neem van die "slegte naam" van Bybelse Argeologie.
(c) Dat die kursusganger sal kennis neem van die voordele van tekste as vondste.
(d) Dat die kursusganger 'n begrip sal vorm vir die argeologiese gesegde wat lui: "konteks, konteks en nogmaals konteks".
(e) Dat die kursusganger die rol van tekste, beelde en artefakte sal verstaan in die vorming van denkbeelde oor 'n antieke en vervloë wêreld.

AKTIWITEIT 5: EVALUERING

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusgangers geleentheid te gee om die kursusinhoud, -aanbieder en -aanbieding te evalueer.

STANDAARDE
(a) Dat die kursusganger by wyse van 'n vraelys die geleentheid sal kry om die kursusinhoud, -aanbieder en -aanbieding te evalueer.
(b) Dat die kursusganger die geleentheid kry om te rapporteer watter elemente van die kursus bo verwagting, volgens verwagting en onder verwagting was.